# JESUS ruik na KOS & WYN

## Ruik...

**Jesus het gereeld saam met mense geëet en gekuier. Van die belangrikste momente in die verhaal van Jesus gebeur saam met kos en wyn.**
**As jy enige een persoon kan nooi om saam met jou te eet, wie sou jy nooi en wat sou jy eet?**

## Lees

**Lees Johannes 2:1-12 saam.**

## Luister

**Begin:**

- Wat het vir jou uitgestaan uit die teksedeelte en/of die video?

**Gesels verder:**

- Jesus se heel eerste wonderwerk vind by 'n partytjie plaas, 'n bruilofsfees. Dink jy dit was per ongeluk so, of vertel dit vir ons van Jesus se karakter?
- "Jesus is uitgehaal vir 'n vraat en 'n wynsuiper". Dit is 'n ongemaklike beeld van Jesus, dit pas nie vir ons by Jesus wat ook God was nie. Hoekom dink jy maak hierdie beeld van Jesus ons ongemaklik?
- "Jesus het in 'n korrupte stelsel geleef en bedien". Laat hierdie aanhaling uit die video jou anders dink oor Jesus? Vertel mekaar daarvan.
- Johannes praat van hierdie gebeurtenis as 'n teken. Tekens wys na iets. Daar is 'n klomp tekens in die teks: 3 dae, bruilof, wyn, uur, klipkruik. Dit is alles leidrade in die teks wat na iets meer wys. Waarheen wys hierdie tekens? Kan jy nog enige tekens identifiseer?
- Maria sê "daar is nie meer wyn nie". Dit is fisies waar, maar is ook 'n teken of tema in die Bybel wat wys op skaarsheid, gebrokenheid of selfs rebellie. Wanneer mense teen God kies, raak die wyn op. Waar sien jy "daar is nie meer wyn nie" in die wêreld rondom jou? Hoe praat dit met jou in hierdie lydenstyd?

# Kyk

Kyk na hierdie die video en gesels dan saam oor die volgende vrae.

# Gesels

- Wat val jou op in die video? Wat dink jy beteken "daar is nie meer wyn nie" in hierdie video?
- Daar is 'n beweging wat verandering bring ('n wonderwerk wat plaasvind) in die video. Hierdie beweging kos dat iemand iets doen wat nie normaal is nie. Watter emosies sien jy raak en hoe veranderder dit deur die loop van die video?
- "Kos is deel van die kerk." Is dit waar van ons gemeente? Verduidelik jou antwoord.
- "Die hemel is 'n lang tafel vol kos en wyn en vriende wat kuier…" Kyk na die ekstra plek wat gedek is by julle tafel. Wie sal jy graag wil nooi om te kom aansit? Hoekom?
- Hoe kan ons deelneem in die bruilofsfees van God?

# Wandel

**Wandel self**
Een van ons gemeente se waardes is "nader aan mekaar". Vra die Here om jou te help hoe jy nader aan iemand anders kan kom die week. Let op hoe jy dalk ander uitsluit
**Wandel saam**
Nooi iemand om by jou/julle te kom eet deur die week. Probeer iemand nooi wat jy nie so goed ken nie, of iemand wat anders as jy is.

# Bid

Deel julle gebedsversoeke met mekaar. Bid vir mekaar.
Om af te sluit, en elke keer voor ete hierdie week, bid die eenvoudige gebed (en gaan leef dit):

Here, dankie vir die kos voor ons, die vriende langs ons, en die liefde tussen ons.

Amen